**Publication:** Die Burger Wes-Kaap
**Title:** Gewese adjunkpresident sterf op 64
**AVE:** 35250.53

**Page:** 2
**Publish Date:** 04 July 2025
**Author:** Gert van der Westhuizen en Raymond Willemse

# Gewese adjunkpresident sterf op 64

**Gert van der Westhuizen** en **Raymond Willemse**

Die dood van die voormalige adjunkpresident David Mabuza het volgens 'n kenner 'n baie belangrike politieke era in Suid-Afrika afgesluit.

Mabuza (64) se dood is gister in 'n plasing op X deur Fikile Mbalula, sekretaris-generaal van die ANC, bekend gemaak.

Mabuza, wat voorheen ook die premier van Mpumalanga was, se laaste jare in die politiek was baie omstrede omdat hy dikwels van korrupsie beskuldig is. Hy is egter nooit aan enigiets skuldig bevind nie.

Hy sal ook onthou word vir sy skielike ommeswaai wat in 2017 Cyril Ramaphosa se verkiesing tot president van die ANC moontlik gemaak het. Ramaphosa het dr. Nkosazana Dlamini-Zuma met 'n skrale 179 stemme geklop.

In 'n verklaring het Ramaphosa gesê Mabuza "verdien ons waardering vir sy diepe toewyding aan die bevrydingstryd en aan die ontwikkeling van die nasie as 'n inklusiewe, voorspoedige, demokratiese staat".

Ramaphosa het ook gesê aankondigings sal later gemaak word oor die herdenkingsreëlings en die eerbewyse waarmee die land sy finale respek aan Mabuza sal betoon.



David Mabuza Foto: GCIS

Op sy beurt het die ANC in 'n verklaring gesê Mabuza was 'n "toegewyde dienaar van die mense, 'n ervare leier van ons beweging, en 'n steunpilaar van die demokratiese stryd".

Volgens die party het hy sy lewe gewy aan die bevryding en opheffing van mense, was diep toegewyd aan versoening en nasiebou, en het opgetree as 'n brugbouer binne beide die beweging en die regering.

Prof. Theo Venter, politieke ontleder verbonde aan die sakeskool van Noordwes-Universiteit, meen Mabuza se dood sluit 'n belangrike politieke era af.

"Hy was geruime tyd siek en het wel met die verkiesing van 2024 nog 'n bydrae tot die ANC-veldtog gelewer, maar daarna van die toneel verdwyn.

"Hy sal onthou word as 'n baie omstrede adjunkpresident van die ANC en die land. Tog was dit die algemene gevoel dat hy nie by Ramaphosa sou oorneem nie, al was hy 10 jaar jonger.

"Hy was ook lid van die Premierliga saam met Ace Magashule (die Vrystaat) en Supra Mahumapelo (Noordwes), maar het in 2017 op nommer 99 sy steun en dié van sy volgelinge ten gunste van Ramaphosa geswaai."

Mabuza, wat Rusland gereeld vir behandeling besoek het, was van 2018 tot 2023 adjunkpresident van die ANC en die land.

Prof. Piet Croucamp, politieke ontleder verbonde aan die Noordwes-Universiteit, sê dit blyk nou dat Mabuza tereg bekommerd was oor sy gesondheid.

"Mabuza was die naaste, so ver ek weet, aan 'n krygsheer wat ons nog in die Uniegebou gehad het.

"Jacob Zuma was 'n hoofman en Cyril Ramaphosa is 'n oligarg. DD Mabuza was 'n krygsheer."

Volgens Mbalula het "kameraad Mabuza sy lewe daaraan gewy om die mense van Suid-Afrika te dien. Van sy dae in die struggle teen apartheid tot sy leierskap as premier van Mpumalanga en later adjunkpresident was hy 'n toegewyde kader wat die waardes van eenheid, dissipline en transformasie vergestalt het."

Patricia de Lille, leier van Good, sê sy het Mabuza se respek vir tyd en prosesse bewonder.

Songezo Zibi, Rise Mzansi-leier, beskryf Mabuza as 'n vryheidsvegter, ervare politikus en vakbondman.

Herman Mashaba, ActionSA-leier, het ook sy medelye betuig.

"Terwyl verskillende denke oor sy nalatenskap ongetwyfeld in die komende dae sal ontvou, wil ActionSA bloot sy meegevoel uitspreek met sy familie terwyl hulle hierdie moeilike rouproses begin."

Die EFF sê Mabuza het nooit persoonlike ambisie bo die pligte van sy amp geplaas of sy politieke uitdagings gebruik as 'n rede om die land te destabiliseer nie.

www.marketiq.co.za | Tel: 011 884 7847 | enquiries@marketiq.co.za
The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.